

18 AUGUSTUS

Skrifgedeelte: Psalm 72

Die roeping van die Vredevors

Psalm 72 is 'n gebed vir die koning, 'n seun van Dawid, wat op Dawid se troon sit as God se aardse heerser oor sy volk. Die bede is dat die koning se regering gekenmerk sal word deur reg en geregtigheid. Ons hoor in hierdie gebed hoe die koning volgens God se wil moet wees en van die heerlike gevolge van so 'n regering.

In vers 1 en 2 vind ons die basiese gebed, naamlik dat die koning geseënd mag wees met liefde vir reg en geregtigheid, sodat sy regering die regering van God self sal weerspieël. Ons het vandag nog die roeping om voorbidding te doen vir die regering wat oor ons gestel is.

In die loop van die geskiedenis is daar voorbeelde van regerings wat onderdruk aan die een kant tot by anargie en wetteloosheid aan die ander kant. Die reg van die swakke word vertrap en daar is nooit waarlik vrede in die Bybelse sin van die woord nie.

Psalm 72 is 'n gebed vir die regerende koning. Tog gryp dit so ver bokant die menslik bereikbare uit dat ons die vervulling daarvan net in die Messias sien. Wat hier oor die koning in vooruitsig gestel word, word ten volle vervul in Jesus Christus. Hy is inderdaad die koning wat regeer volgens die reg wat God wil hê. Daarom bring Hy vrede.

Psalm 72 is dan ook 'n roepstem na die koms van die Vredevors en sy "salige ryk van enkel vrede".

Sing: Psalm 72:2,1 Dr Frans van der Walt (Bellville-Oos)